Afguns en twis in ’n virtuele wêreld

Teks: Filippense 1: 12 - 26
Teksvers: Filippense 1: 15

1. Inleiding

Laas week word daar grappenderwys op sosiale verwys na die prediker wat in 2010 mense beveel om weg te bly van sosiale media, maar dan in 2020 mense aanmoedig om na sy preek op sosiale media te gaan luister. Eienaardig en natuurlik net snaaks omdat daar ’n element van waarheid hierin is. Sosiale media veral in ons tyd van inperking maak die lewe vir ons so bietjie meer draaglik. En duidelik uit die bogenoemde het dit ’n belangrike stuk gereedskap in die bediening van die Woord geword.

Tog bly sosiale media nie sonder sy skerp punte en gevare nie. Daarom fokus ons vandag op die een van die gevare van sosiale media en ’n virtuele wêreld, soos wat die apostel Paulus dit al vir ons uitlig in die brief aan die Filippense. Sosiale media het die manier om die beste van ’n persoon te vertoon aan ’n wêreld, wat te graag daarna kyk. Daarom is dit bekend dat baie mense depressief word hiervan, omdat hulle net heeltyd perfekte mense sien. Dit in vergelyking met hulle eie swaar en hartseer omstandighede.

Tog is depressie net die een reaksie. Die ander reaksie lê in ons tema vandag. Afguns en twis. Dit lê in die feit dat ek jaloers is op wat ander mense vertoon op sosiale media. In afguns val ek dit en hulle sommer maklik aan. Daarom is sosiale media bekend vir die sleutelbord gevegte wat daar plaasvind. En volgens Paulus in ons teksgedeeltes vandag is bedienaars van die Woord, ja dominees en pastore wat die Woord op sosiale media verkondig nie altyd onskuldig aan hierdie amper geheime sonde nie.

In ons teksvers is daar duidelik twee groepe opponerende mense wat die Woord verkondig. Ons gaan in hierdie preek fokus op drie aspekte van hierdie groepe. Ons gaan fokus op die motief waarmee dit verkondig word. Daarna die metode waarmee die boodskap wat verkondig word. En laastens die boodskap self wat verkondig word. Kom ons kyk waar kom Afguns en twis dan in.

2. Die motief waarmee verkondig word.

Wat hierdie twee opponerende groepe verkondigers skei in vandag se teksgedeelte, is die motief waarmee verkondig of gepreek word. Die is hier waar die afguns en twis inkom. Om werklik te verstaan wat hier gebeur moet ons eers na die betekenis van jaloers in die tyd en plek van Paulus se brief aan die Filippense kyk. Vandag verstaan ons onder jaloesie net die gedagte om ook iets te hê wat iemand anders het. Maar in leefwêreld van die eerste eeu was jaloesie baie meer aggressief en negatief. Dit het die betekenis ingehou om ook daardie persoon te ontneem van dit wat hy/sy het wat ek wil eintlik hê.

Hierdie opposisie groep predikers was afgunstig op Paulus. Hulle het hierdie eerste eeuse jaloesie teenoor hom gehad. Daarom wou hulle dinge vir hom nog swaarder maak. Op ’n manier het hulle en vandag se voorspoedsteologie predikers baie in gemeen. Iemand wat gearresteer is vir sy geloof pas nie in die prentjie van die voorspoedige gelowige in nie. Die ware gelowige moet mos eenvoudig enige teëspoed onmiddelik en bonatuurlik oorkom, volgens hierdie dwaalleraars. Hulle reken as Paulus se geloof goed genoeg was sou hy mos onmiddelik verlos word uit hierdie slegte situasie. Dit is wat eintlik selfs ’n negatiwiteit teenoor die kruisiging soos in hoofstuk 3:18 by sommige predikers skep.

Die probleem lê by die motivering waarmee hierdie mense preek en verkondig. Dit is dan ook die skakel na hoofstuk 3 en in vers 19 wat dit opsom in die volgende woorde: "die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind.

En dit is hier waar die virtuele wêreld van vandag ook inkom. Sien tegnologie is niks anders as 'n stuk gereedskap om iets gedoen te kry nie. Maar ’n stuk gereedskap verhoog ’n mens se effektiwiteit. So kan ’n mens deur ’n sosiale media platvorm baie meer mense as in ’n tradisionele

kerk gebou bereik. In die virtuele wêreld kan daar miskien maklik 'n kitsberoemdheid op jou wag. Ongelukkig maak gereedskap ook meer en groter skade wanneer daar iets fout gaan. Daarom is die motivering waarmee bedien word juis so belangrik op sosiale media.

En dit is hier waar die preek vandag nie net vir dominees en pastore is nie, maar vir alle gebruikers van Sosiale media. Die krag van sosiale media is juis daarin dat enige individu in die sisteem enigiets maklik kan aanstuur en verder versprei. Die voordeel hieraan is dat ons ook ons dissipelskap opdrag makliker kan uitgevoer. Kom ons gebruik ’n voorbeeld. Dit is tog baie meer in lyn met moderne mode om ’n sosiale media skakel aan te stuur, as om iemand saam te nooi na ’n erediens in 'n kerkgebou toe. Verder verwyder die tegnologie die plek, tyd en ruimte beperkings van die fisiese kerkgebou.

Maar wat is ons motivering agter ’n suksesvolle sosiale media teenwoordigheid. Is dit dalk daardie kitsroem. Die dopamien van baie duimpies agter my plasing. Wil ek soos met ander dinge op sosiale media, tog maar net bietjie spog met my geloof, my vermoëns en my gemeente. Of as ek iets aanstuur bewys ek my navolging en lojaliteit aan ’n spesifieke individu. Is ek afgunstig en twisgierig in my sosiale media plasings. Of kan ek nie anders as om in alles ook met sosiale media die eer en heerlikheid van die Here alleen te soek nie?

3. Die metode waarop verkondig word.

Maar is dit miskien die metode wat my optrede afgunstig of twisgierig maak? Wel, nee. Paulus is nie hier besig om oor die spreek in vreemde tale of ander snaakse dinge in die erediens te praat nie. Wanneer ons op ’n tegniese vlak na die sinsbou van ons teksvers kyk word altwee partye in elk geval aan letterlik dieselfde werkwoord gekoppel. Dus is altwee partye besig om te preek. Hulle is ook besig om op presies dieselfde manier te preek.

En op ’n manier is dit presies wat ons nog vandag doen. Die sleutel element in die erediens is die Woord verkondiging. Ook met hierdie tyd van inperking se gedwonge oorskuif na digitale, sosiale media platform, is dit in essensie wat predikers steeds doen. Ons neem op, stroom of deel lewendige video of klank waarin gepreek word met mekaar. Dikwels word daar moeite gedoen om die verskil so klein as moontlik te maak. Ons trek dieselfde kleredrag aan en/of maak die opname in die kerkgebou. Die idee is dat daar nie in hierdie moeilike tyd aan die beproefde metode gekrap moet word nie.

As ons verder in die teks kyk is dit vers 16 tot 18 wat ons teksvers verduidelik of verklaar. Maar uiteindelik is dit vers 18 oor die metodes van beide groepe handel: "[18]Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder ’n skyn of in waarheid is, Christus word verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.”Die metode kan die boodskap nie keer nie. Selfs in hierdie moeilike tye sal soos wat Christus dit self sê in Lukas 19:40: "As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.”

4. Die boodskap wat verkondig word.

Maar wat is die boodskap wat in ons teksgedeelte verkondig word? Ons ken dit in Paulus se beroemde woorde in 1 Korinthïers 1:23 : "[23]maar ons verkondig Christus wat gekruisig is”. Dit is dus die evangelie wat hier verkondig word. En ons ken Paulus as iemand wat nie skroom om getrouheid in leer en lewe te beklemtoon nie. Ons ken dit duidelik uit die leiding wat hy aan Timoteus gee. Tog sien ons nie die oordeel van valse leer in ons teksvers nie.

Soos ons reeds gesê het word hoofstuk 3:18 soms verbind met ons teksvers. Dit behels gedagte van vyande van die kruis van Christus. En alhoewel dit lyk of vandag se gelowiges, bygelowig enige swaarkry wil vervloek, skuil meeste tog steeds agter die kruis. Tog weet ons dat die internet sy goeie deel van dwaalleringe het. Maar solank daar by predikers van dieselfde denominasie en gereformeerde oortuiging gebly word behoort met die boodskap nie ’n probleem te wees nie.

Op die einde is hierdie tog ook maar die belangrikste punt vandag en in prediking as ’n geheel. Wat die boodskap is wat mense moet hoor? Die boodskap waarvoor Paulus bereid was om te lei? Om swaar te kry? En hier is die parallel, ons kan ook nie vandag dat inperking die boodskap van

die blye evangelie stilmaak nie. Daarom wend ons al hierdie tegnologie aan sodat die stem van die kerk nie stil raak nie.

Uiteindelik is dit ook waar Paulus toegee aan hierdie ander groep predikers. Solank hulle net die evangelie verkondig, maak dit nie saak dat hulle in opposisie met hom as persoon staan staan nie. Soos Christus immers self ook sê in Matteus 12:30: "[30]“Wie nie aan my kant is nie, is teen My; en wie nie saam met My die skape bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar.” Die groter idee van skape bymekaar maak bind mense saam. Solank die eer en verheerlik net aan die Here alleen gaan en nie aan beroemde predikers nie.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur Paulus se optrede te verklaar aan die hand van die res van die teksgedeelte en boek. Paulus raak nie in ’n geskil betrokke met sy opponerende predikers nie. Selfs al gaan hulle uit hulle pad om die lewe vir hom moeilik te maak. Hy kyk nie in die twispunte vas nie maar sien die groter prentjie. Deur hierdie ander predikers se werk word die evangelie tog ook verkondig. Ja al is dit met bybedoelings en bedrieglike motiewe. Die evangelie word verkondig.

Dit is in elk geval arrogant van enige prediker om te dink dat die Here net deur hom alleen kan werk. Dat God hom nodig het om Sy wil te laat geskied. Die Here kan en het selfs Bileam se donkie gebruik om Sy wil te verkondig. Ons as swak sondige mense is nie nodig daarvoor nie. Maar die Woord van die Here kan ook deur mense verkondig word om ander mense aan te raak sonder dat dit die verkondiger daarvan werklik verander.

Ons ken immers die bekende Lukas 7: 21 tot 23 :"[21]“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. [22]Baie sal daardie dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?’ [23]Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree."

Die laaste saak is die feit dat Paulus op die einde nie sy eie eer hoef te beskerm teenoor mense nie. Dit is die eer en verheerliking van die Here waaroor Paulus besorg is, dit is wat hy sal verdedig as dit nodig is. Maar oor homself en sy swaarkry sluit hy die teksgedeelte af in die woorde: "[21]want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.”

Pasop vir die gevaar van afguns en twis in ’n virtuele wêreld waarmee ons meer as gewoonlik te doen kry in hierdie tyd van afsondering. Moenie die monster van jaloesie vatplek in jou gedagtes gee nie.

Amen